# EEN VAN DIE VEELSYDIGSTE KAKTUSPLANTE IN DIE LAND

D Nortje

**PETRUSBURG** - Turksvye is waarskynlik die mees gebruikte nie-inheemse plant in Suid-Afrika. Dit is geliefd vir sy sappige vrugte, turksvystroop en -konfyt. Dit word ook deur boere vir heinings en beesvoer gebruik. Om meer te wete te kom oor hierdie veelsydige plant het ek met Dewald van der Berg, 'n turksvy boer in Petrusburg, gesels.

Dewald en sy broers boer in Petrusburg in die Vrystaat. Sy pa het sowat 11 jaar gelede turksvye begin aanplant. Na sy afsterwe (sowat drie jaar gelede) het Dewald en sy broers die boerdery oorgeneem en bestuur hulle die boerdery deeltyds, met behulp van hul voormanne. Dewald vertel dat turksvye hul oorsprong in Mexiko het. Die turksvyblaaie was as groente op skepe gebruik en het op hierdie manier in Suid-Afrika aangekom. In 1750 het 'n boer turksvyblaaie vanuit die Kaap, in Graaf-Reinet geplant. Hierdie eerste turksvye was egter die tipe met dorings, wat later 'n groot pes geword het. Teen 1914 is die doringlose-turksvye by Grootfontein Landboukollege aangeplant en navorsing oor dié plant is van stapel gestuur. Die turksvye met doringlose blaaie, is dieselfde turksvye wat vandag meer bekend aan ons is. Dewald noem dat daar ongeveer 46 verskillende variëteite (waarvan ons weet) in Suid-Afrika voorkom.

Die turksvy se vrug is van groot waarde en baie smaaklik, soos mense wat dit ken sal weet. Die mark vir hierdie vars vrugte groei bestendig in Suid-Afrika. Die uitdaging is dat meeste mense turksvye ken as iets wat vrylik in die platteland en op plase voorkom en dus nie bereid is om in supermarkte daarvoor te betaal nie. Hierdie persepsie is egter besig om te verander. Daar is 'n aantal produsente wat tans hoë gehalte olie uit die pitte van turksvye produseer. Volgens Dewald is dit 'n ongelooflike produk! Hulle is egter nog in die begin fase om 'n behoorlike, internasionale mark vir die olie te vestig.

Die turksvy is ook van groot waarde as 'n gewas vir veevoer, veral in die droër dele van Suid-Afrika. Turskvye is voorheen as 'n gewas beskou wat slegs in tye van droogte vir voer aangewend kon word. Al hoe meer boere begin egter om die waarde en produksiepotensiaal van turksvye te besef en plant dit nou aan as deel van hul produksiestelsel, in plaas daarvan om dit net vir noodgevalle soos droogtes, te gebruik. Dewald vertel verder dat daar ook maatskappye is wat turksvye aanplant vir die aanwending in biogas-aanlegte. In hierdie sektor is daar groot potensiaal vir instansies soos myne om turksvye in biogas-projekte aan te wend, ten einde skoon alternatiewe energie op te wek.

Laastens is daar ook boerderye, soos hulself, wat daarin spesialiseer om plantmateriaal te produseer en aan nuwe toetreders tot die mark, te lewer. Volgens Dewald het turksvye 'n onbeperkte aantal ander gebruike – die voorbeelde hierbo is slegs die belangrikste ekonomiese aanwendings tans in Suid-Afrika. Hy verduidelik dat dit baie maklik is om jou eie turksvye in jou tuin te kweek. Jy kan 'n enkele blad halflyf in die grond plant, met die snywond na onder. Plant die blaaie ten minste 2,5m uitmekaar. Om behoorlik vrugte te dra moet die plant die heeldag lank in vol son staan en die grond moet goed kan dreineer. Jaarliks, aan die begin van lente, kan jy kunsmis soos 'n 1.1.1 of 3.2.3 toedien. Die plant kan sporadies natgemaak word. In dele waar die jaarlikse reënval 400 mm 'n jaar oorskry, is dit nie nodig om die plant water te gee nie, behalwe wanneer dit lank laas gereën het en baie warm is. Die plant moet jaarliks in die vorm van 'n kelk gesnoei word, sodat al die oorblywende blaaie sonlig ontvang. Hou die plant liefs kort. Dit moet nooit hoër as 'n mens groei nie, andersins is dit moeilik om die vrugte te oes.

Soos ander gewasse kan turksvye ook plae en siektes opdoen. Volgens Dewald is Cochenille en Cactoblastis 'n probleem. Cochenille is 'n insek met 'n wit beskermingslagie. Indien jy dit op die plant vind, borsel dit dadelik af en herhaal die proses gereeld om die lewenssiklus van die insek te breek. Cactoblastis is 'n mot wat sy eiers in die blad lê, die larwes eet dan die blad van binne af. Wanneer jy 'n besmette blad sien moet die blad afgesny en vernietig word.

# OLIFANTSRIVIER SKAAK-KLUB HOU 2022

## *ORSK Rapid Toernooi*

### *Lidmaatskap aan die skaakklub bied verskeie voordele*

D Nortje

**VREDENDAL** - Volgens chess.com is skaak om en by 600 nC gebore uit die Indiese spel, Chaturanga. Die spel het oor die daaropvolgende eeue deur Asië en Europa versprei en uiteindelik rondom die 16de eeu ontwikkel in wat ons vandag as skaak ken. Een van die eerste meesters van die spel was 'n Spaanse priester met die naam, Ruy Lopez.

As jong meisie het ek by my pa leer skaak speel, ek was egter nooit baie goed daarmee nie. Na baie jare het ek weer `n liefde daarvoor ontwikkel, alhoewel ek steeds nie `n meester-skaakspeler is nie. Nietemin het ek die Olifantsrivier Skaakklub gekontak en Amelia Drennan versoek om meer inligting oor die 2022 ORSK Rapid toernooi, aan te stuur.

Die Olifantsrivier Skaakklub is in 2019 gestig met die doel om 'n geleentheid vir oud en jonk te skep om hulself op te gradeer of om net 'n rondte skaak te geniet. Die klub het onder leiding van die Weskus Skaak-unie as *"Checkmates"* begin. Aanvanklik het die klub uit vyf lede bestaan, maar gedurende 2020 tot 'n ledetal van 18 gegroei. Aan die begin van 2020 is die klub se naam na *Olifantsrivier Skaakklub* verander. Tans bestaan die klub uit spelers van Vanrhynsdorp, Vredendal, Lutzville en selfs tot so ver as Kliprand. Lidmaatskap aan die skaakklub bied verskeie voordele, soos toegang tot verskeie toernooie, skaakafrigting en sosiale skaak-aande.

Die 2022 ORSK Rapid toernooi het vanjaar op 22 Oktober by die Lionsklub te Vredendal Sportgronde, plaasgevind. Daar was drie afdelings, naamlik Afdeling A, B en C wat almal CHESSA-gegradeer is. Elke afdeling het hul eie kriteria, inskrywingsfooi en tydbeheer. Geen toeskouers of ouers is in die speellokale toegelaat nie.

Vir meer inligting skakel asseblief 0835076976 of besoek hul webwerf by http://olifantsrivierskaakklub.co.za .

IKAPA GROUP
EXPRESS AUCTIONS
"We Build Partnerships & Relationships"
WWW.IKAPAGROUP.CO.ZA

TRONOX
PUBLIC AUCTION ONLINE
SCRAP AND VECHILES
TRONOX SALDANHA /BRANDSE BAAI
DATE : ONLINE 22 -23 NOVEMBER 2022
8am - 4pm
VIEWING DATES:
SALDANHA SMELTER
15 NOVEMBER 2022 (9h - 4h)
MSP & BRANDSEBAAI
16&17 NOVEMBER 2022 (9h -4h)
as per arrangement with Auctioneer
Enquiries:
Auctioneer
JOHAN:
082 854 4685
WWW.IKAPAGROUP.CO.ZA
http://ikapagroup.co.za/ikapa-express-auctions/upcoming-auctions/
WWW.IKAPAGROUP.CO.ZA
Registrations: Online
All Sales Subject to Confirmation by Tronox



**KENNISGEWING VAN `N AANSOEK OM OMGEWINGSMAGTIGING, AFVALBESTUURS LISENSIE ASOOK WATERBEGEBRUK LISENSIE VIR DIE ONTWIKKELING EN BEDRYF VAN GRASDRIFT DIAMANT MYN, DEUR NABAS DIAMANTE (EDMS) BPK OP DIE LINKER OEWER VAN DIE ORANJERIVIER, OP DIE RESTANT VAN PLAAS NR. 11 (GRASDRIFT), RICHTERSVELD MUNISIPALITEIT, NAMAKWA DISTRIK, NOORD-KAAP PROVINSIE**

Nabas Diamonds (Edms) Bpk besit tans die prospekteerreg vir spoeldiamante op die Restant van die Plaas Nr. 11 (Grasdrift) geleë op die linkeroewer van die Oranjerivier in die Richtersveld en het nou aansoek gedoen by die Departement van Minerale Hulpbronne en Energie: Springbok (DMHE) vir 'n mynreg oor dieselfde gebied (DMHE Verw. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR). Die voorgestelde mynreggebied is 2692 ha in omvang waarvan 9,4 ha benodig sal word om myninfrastruktuur te vestig om die spoeldiamante sif, verwerk en ontgin. Die voorgestelde mynbedrywighede sal bekend staan as 'Grasdrift-myn'.

Kennis word dus hiermee gegee ingevolge artikel 22 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 22 van 2002), die OIS-regulasies van 2014 (GNR 326) gepubliseer kragtens artikel 24 (5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur , 1998 (Wet 107 van 1998) (NEMA) en die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur: Afval (Wet 28 van 2008) (NEM: WA) dat Nabas Diamonds (Edms) Bpk by die DMHE aansoek gedoen het vir 'n mynreg, insluitend 'n omgewingsmagtiging en 'n afvalbestuurslisensie om die spoeldiamantaktiwiteite te onderneem en die nodige myninfrastruktuur op te rig.

Die projek lei tot 'n aantal gelysde aktiwiteite kragtens die NOBW OIS-regulasies, 2014 (SK. 326, soos gewysig) en die NOB: AW d.w.s SK. 325, 324 and 327 insluitend NOB: AF SK. 633 en SK. 921 (Kategorie A en B afvalbestuur aktiwiteite) en vereis dus aansoek om omgewingsmagtiging en 'n afvalbestuurslisensie onderhewig aan 'n volledige Omvangsbepaling en OIS-proses.

Nabas sal ook 'n Watergebruiklisensie-aansoek (WGLA) indien by die Departement van Water en Sanitasie (DWS): Oranje bestuursgebied ingevolge artikel 40 van die Nasionale Waterwet (Wet 36 van 1998) (NWW) vir watergebruike soos omskryf in artikel 21 (a), (b), (c), (g), (i) en moontlik oof 21 (j). Die toepaslike watergebruike sluit in:

- S 21a – Ontrekking van water uit die Oranjerivier
- S 21b – Stoor van water in drie (3) damme
- S21c en i – Mynaktiwiteite binne die gereguleerde gebied van die Oranjerivier and ander omliggende strome/riviere
- S21g – Oprig en bedryf van 'n kompakte Rioobehandelingsaanleg, drie (3) uitskotdamme asook 'n besoedelingsbeheerdam

Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk is aangestel as die onafhanklike omgewings-assesserings-praktisyn (OAP) om die Omgewingsimpak Studie proses, Watergebruiklisensie-aansoek asook die openbare deelname deur te voer. 'n Geïntegreerde openbare deelnameproses sal gevolg word tydens die OIS-proses wat aan beide die vereistes van die NOBW asook die NWW voldoen. Hierdie advertensie dien om belanghebbende en geaffekteerde partye (B&GPe) in kennis te stel van die geleentheid om te registreer op die projekdatabasis, meer inligting te bekom, kommentaar te lewer op die beskikbare Agtergrondsinligting Dokument (AID) en die geleentheid om geskeduleerde openbare vergaderings by te woon.

**UITNODIGING OM AS 'N B&GP TE REGISTREER, KOMMENTAAR TE LEWER, OPENBARE VERGADERINGS BY TE WOON**

B&GPe word hiermee uitgenooi om op die projek databasis te registreer. Indien u meer besonderhede wil bekom, insae wil lewer of besware aanteken oor die projek, kan u die projek AID en registrasievorm aflaai vanaf die Naledzi-webtuiste www.naledzi.co.za/publicdocuments onder die opskrif 'Voorgestelde Grasdrift-my' beskikbaar vanaf **4 November tot 5 Desember 2022**. Gedrukte kopieë van die AID en vorms is ook beskikbaar vanaf die volgende openbare biblioteke in die projekgebied:

- Sendelingsdrif, Lekkersing, Eksteenfontein, Kuboes, Porth Nolloth asook by die Alexanderbaai GEV Kantore.

B&GPe kan registreer en insae lewer op die projek/AID deur die kommentaarblad (beskikbaar vanaf die Naledzi-webtuiste en by die openbare plekke) te voltooi, 'n brief te skryf, 'n e-pos te stuur of die aangestelde OAP te kontak by die onderstaande kontak besonderhede. B&GPe moet hul kommentaar tesame met hul name, kontakbesonderhede OP OF VOOR 5 DESEMBER 2022 by die kontakpersoon soos hieronder aangedui indien.

**UITNODIGING OM OPENBARE VERGADERINGS BY TE WOON**

B&GPe word ook genooi om die onderstaande geskeduleerde openbare vergaderings vir die projek by te woon waar die OAP 'n oorsig sal gee van die projek asook die OIS-proses wat gevolg word. Registrasie- en kommentaarblaaie sal ook beskikbaar wees en kan by die vergaderinglokale voltooi word.

| Datum | Plek | Tyd |
|---|---|---|
| 16 November 2022 | LEKKERSING SAAL | 10H00 |
| 16 November 2022 | EKSTEENFONTEIN SAAL | 14H00 |
| 17 November 2022 | KUBOES NGK KERK SAAL | 10H00 |
| 17 November 2022 | SANDDRIFT SAAL | 14H00 |

**RIG ASSEBLIEF U INSAE AAN DIE OAP: (Ons tree op namens NDI Geologiese Dienste):**
Naledzi Omgewingskonsultante (Edms) Bpk
**Kontak persoon:** Marissa Botha or Desmond Musetsho
**Skakel:** 084-226-5584
**E-pos::** botham@naledzi.co.za / dmusetsho@naledzi.co.za

# RICHTERSVELD GEMEENSKAPS-BEWARINGSGEBIED TOT 'N NUWE WÊRELDERFENISGEBIED VERKLAAR

Persverklaring

**RICHTERSVELD** - Ongeveer 10 jaar gelede het die histories-benadeelde mense van die Richtersveld verenig, die titel van hul tradisionele grond teruggeneem en hierdie bewaringsgebied, bekend as die *Richtersveld Community Conservancy,* opsy gesit om vir ewig vir navorsing en toerisme bewaar te word. Dit bied van Suid-Afrika se beste stap-, 4×4-, kampeer- en kulturele ervarings.

Die *Richtersveld Community Conservancy* is die laaste toevlugsoord vir die oorblywende Nama-mense. Hulle migreer seisoenaal met hul vee vanaf die berge na die rivier, terwyl hulle op `n volhoubare manier van die brose vetplant-ekosisteem gebruik maak. Ter erkenning van hierdie uitsterwende leefstyl en die seldsame botaniese diversiteit wat dit help beskerm, is die bewaringsgebied tot 'n nuwe Wêrelderfenisgebied verklaar. Die nuwe *Richtersveld Wêrelderfenisgebied (WHS)* sluit diep ruwe-klowe, asemrowende landskappe, ryk biodiversiteit en hoë berge in. Die WHS word in die noorde deur die Richtersveld Nasionale Park begrens, wat gesamentlik deur die plaaslike Richtersveld-gemeenskap en Suid-Afrikaanse Nasionale Parke bestuur word. Aan die ander kant word dit deur gemeenskaplike grond omring. Dit is 'n droë en onvoorspelbare gebied wat van die lewensonderhoudende vog, in die vorm van vroeë oggendmis, afhanklik is. Tog is dit ook 'n biologiese wonder.

Vanaf 'n afstand sien jy net ruwe berge, klip-woestyne, 'n reuse blou lug en hier en daar 'n blik van die magtige Oranjerivier wat sy pad, deur die landskap, na die see uitkerf. By nadere ondersoek besef jy egter dat jy in een van Afrika se mees diverse en rykste ekosisteme is. Die Erfenisgebied is in die hartjie van die *Vetplant Karoo Biodiversiteit*-episentrum geleë. Dit is 'n ekosisteem met 'n verstommende 4 849 vetplante, waarvan 40% endemies is en dus nêrens anders gevind word nie. Om tot episentrum verklaar te word, moet 'n gebied ongelooflike hoë spesiediversiteit en 'n hoë persentasie endemisme hê. Dit is 'n unieke onderskeiding, aangesien daar slegs 25 episentrums in die wêreld is. Selfs meer ongewoon is dat die Vetplant Karoo 'n woestyn is en die enigste droë biodiversiteit-episentrum op aarde is.


# BOEDEL - KENNISGEWING

| | |
|---|---|
| **BOEDEL WYLE:** | **DIRK MULDER** |
| **Geboortedatum:** | 25 AUGUSTUS 1946 |
| **Identiteitsnommer:** | 460825 5012 08 6 |
| **Oorlewende eggenote:** | ANNA CECILIA MULDER |
| **Identiteitsnommer:** | 500321 0028 08 9 |
| **Adres:** | DE WAALSTRAAT 99, KAMIESKROON, 8241 |
| **Boedelnommer:** | 0000001757/2020 |

In terme van Art 29 (1) van die Boedelwet (Wet No. 66 van 1965) word krediteure en debiteure in bogemelde boedel versoek om hulle vorderinge in te lewer en hul skuld te betaal by die kantoor van die ondergetekende **binne 30 (dertig) dae vanaf 04 NOVEMBER 2022.**

**KOTZE LIEBENBERG PROKUREURS**
**PROKUREURS VIR EKSEKUTEUR**
**1391 ENGELBRECHTSTRAAT**
**MCDOUGALLSBAAI**
**PORT NOLLOTH**
**082 578 0905**

# Is daar riool in die Oranjerivier?




*Luidens die resultate wat op 27 Oktober aan AfriForum se Upington-tak teruggestuur is, is daar E. coli en fekale koliform in die Oranjerivier ingepomp.*

**GEMSBOK-UPINGTON: Die AfriForum-tak in Upington het op 27 Oktober 'n brief aan die Dawid Kruiper Plaaslike Munisipaliteit gerig, nadat dit onder dié tak se aandag gekom het dat die munisipaliteit al vir die afgelope paar jaar duisende liters rou riool in die Oranjerivier inpomp - vermoedelik om kostes te bespaar.**

Die rioolwater moet aanvanklik eers deur 'n suiweringsproses gaan.

Die tak het die munisipaliteit vyf dae gegee om hierdie probleem op te los.

"Aanders sal AfriForum regstappe teen die Dawid Kruiper-munisipaliteit, die munisipale bestuurder en die amptenaar, wat verantwoordelik is vir die riool in Upington, oorweeg."

Die Oranjerivier is een van Suid-Afrika se belangrikste riviere en verskaf water hetsy vir landbou gebruik of vir menslike gebruik.

Werner Strauss, die distrikskoördineerder van die Kalahari en 'n lid van die Upington-gemeenskap, het monsters van die riooluitloop gaan neem en dit op 25 Oktober by PathCare ingedien om getoets te word.

Luidens die resultate wat op 27 Oktober aan AfriForum se Upington-tak teruggestuur is, is daar E. coli en fekale koliform in die Oranjerivier ingepomp.

Dit kom daarop neer dat rou riool nie deur die suiweringsproses by 'n rioolwerke gaan nie.

Daar is ook vasgestel dat die Vaal-, Harts- en die Oranjerivier, wat in mekaar invloei, deur ongeveer 30 stede en dorpe besoedel word, omdat die rioolwerke óf nie werk nie, óf net nie meer bestaan nie - en direk in hierdie riviere van altesaam 4 200 kilometer inloop.

Daar is ook met die munisipaliteit kontak gemaak oor die riool wat direk by die Kalahari-winkelsentrum en by Kameelmont in die rivier invloei.

Daar is al menigte e-posse aan die munisipale bestuurder, Elias Ntoba, en Padwald Jonker, 'n amptenaar van die Dawid Kruiper-munisipaliteit, gestuur om vergaderings te reël, maar daar kom niks van nie.

"Dit is hartseer dat die ekosisteem daar onder ly en dat die boere se beeste, skape en gewasse as gevolg van die besoedelde water ernstig siek word en/of vrek. Die visse ly ook daar onder en raak steriel as gevolg van die hormone in die riool," sê Strauss.

"Ons is wel bewus daarvan dat die Dawid Kruiper-munisipaliteit besig is met 'n baie groot opgradering aan die rioolaanleg in Upington, maar die riool loop nou al vir die afgelope paar jaar direk in die Oranjerivier in - terwyl die munisipaliteit niks daaraan doen nie.

Verskeie korrespondensie tussen AfriForum se Upington-tak, die gemeenskap en die Dawid Kruiper-munisipaliteit bewys dat die munisipaliteit onbevoeg is om na Upington, die Oranjerivier en die natuur om te sien. Selfs die vullisterrein is in 'n haglike toestand - om nie eers van die paaie, straatligte en die parke te praat nie."

## DAWID KRUIPER MUNICIPALITY

### BID NOTICE

Tender documents are available from the Senior Accountant: Tender Management Supply Chain Management, Dawid Kruiper Municipality, Private Bag X6003, UPINGTON, 8800 or at tel: Mary Marabi 054 338 7182.

Documents are also available on the web site www.dkm.gov.za

| NUMBER | DESCRIPTION | CIBD GRADING/ FUNCTIONALITY | CLOSING DATE |
|---|---|---|---|
| TN036/2022 | PROVISION OF ALL LABOUR, MATERIAL, FITTINGS AND EQUIPMENT FOR THE INSTALLATION OF A CLEAR VIEW FENCING AT STATION CEMETERY AND TRAFFIC OFFICE | 1SQ / 1GB or Higher | 02 December 2022 at 14H00 |
| TN042/2022 | PROVISION OF ALL LABOUR, MATERIAL, FITTINGS AND EQUIPMENT FOR THE INSTALLATION OF A CLEAR VIEW FENCING AT TOWN SWIMMING POOL | 2SQ / 2GB or Higher | 02 December 2022 at 14H00 |
| TN044/2022 | PROVISION OF ALL LABOUR, MATERIAL, FITTINGS AND EQUIPMENT FOR THE INSTALLATION OF A CLEAR VIEW FENCING AT SC KEARNS STADIUM | 1SQ / 1GB or Higher | 02 December 2022 at 14H00 |

**E NTOBA: MUNICIPAL MANAGER Civic Centre; Market Street; Private Bag X6003; UPINGTON; 8800**

# DKM sê oor rioolkwaliteit

## "Dis 'n blatante leun"

**GEMSBOK-UPINGTON: Na aanleiding van 'n persverklaring wat deur die burgerregte organisasie, AfriForum, uitgereik is, waarin daar beweer word dat DKM se rioolaanleg rou riool direk in die Oranjerivier pomp, het die munisipaliteit die volgende persverklaring uitgereik:**

"Met verwysing na die mediaverklaring wat Afriforum uitgereik het op 27 Oktober 2022, die volgende:

1. Die stelling van Afriforum, soos vervat in die mediaverklaring, dat rou riool direk in die Oranjerivier gepomp word vir 'die afgelope paar jaar om kostes te bespaar is" 'n blatante leuen. Die riool vloei vanaf die verskeie gemeenskappe tot by Kameelmond riool suiweringswerke. Die rou riool word gevolglik deur die suiweringswerke verwerk - daarna word die uitvloeisel in die Oranjerivier verplaas.

2. Daar word weeklikse mikrobiologiese analises asook maandelikse suiwerings oudits gehandhaaf. Die resultate word maandeliks aan die Departement van Water en Sanitasie gerapporteer.

Vir Oktober 2022 was daar 'n totaal van 6 toetse uitgevoer, waarvan slegs twee monsters nie voldoen het aan die nodige vereistes nie. (DKM het stawende dokumentasie hieroor aan die Gemsbok voorsien).

3. Dit is voorheen uitgewys dat die kwaliteit van die uitvloeisel wat verplaas word in die Oranjerivier tydens sekere periodes nie voldoen aan die gegewe standaarde nie. Dit is as gevolg van die groot maat riool volumes wat die suiweringswerke bereik. 'n Plan van aksie is reeds in plek met die huidige implementering van die opgraderingsprojek.

4. Die projek beloop R65 miljoen en sal teen 30 Desember 2022 praktiese voltooiing bereik, indien geen verdere verlegging toegestaan word nie.

5. Die huidige status van vordering op die projek word as volg vervat:

5.1 Meeste van die uitstaande komponente wat bestel was, is ontvang en is wel op terrein.

5.2 Nodige installasies en projek aktiwiteite gaan daagliks voort.

5.3 Die projek is tans 80% voltooid.

6. Dus wil ons beklemtoon dat die nodige kwaliteits versekering na voltooiing van die opgraderingsprojek bereik sal word.

**NOTICE OF AN ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT PROCESS FOR AN APPLICATION FOR ENVIRONMENTAL AUTHORISATION, WASTE MANAGEMENT LICENSE AND WATER USE LICENSE BY NABAS DIAMONDS (PTY) LTD FOR THE PROPOSED DEVELOPMENT AND OPERATION OF GRASDRIFT DIAMOND MINE ON THE LEFT BANK OF THE ORANGE RIVER ON THE REMAINDER OF FARM NO. 11 (GRASDRIFT), RICHTERSVELD LOCAL MUNICIPALITY, NAMAKWA DISTRICT NORTHERN CAPE PROVINCE**

Nabas Diamonds (Pty) Ltd currently holds a registered prospecting right for alluvial diamonds on the Remainder of the Farm No. 11 (Grasdrift) located on the left bank of the Orange River and has now applied to the Department of Mineral Resources and Energy: Springbok (DMRE) for a mining right over the same area (**DMRE Ref. NCS 30/5/1/2/2/10211 MR**). The proposed mining right area is 2692 ha in extent of which 9.40 ha will be required to establish mine infrastructure to screen, concentrate, process and extract the alluvial diamonds. The proposed mining operation will be known as 'Grasdrift Mine'.

Notice is therefore hereby given in terms of the section 22 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act 22 of 2002), the EIA Regulations of 2014 (GNR 326) published under section 24 (5) of the National Environmental Management Act, 1998 (Act 107 of 1998) (NEMA) and the National Environmental Management: Waste Act (Act 28 of 2008) (NEM: WA) that Nabas Diamonds (Pty) Ltd has applied to the DMRE for a mining right including an environmental authorisation and a waste management license to undertake the alluvial diamond mining activities and construct the necessary mine infrastructure related thereto.

The project triggers a number of listed activities under the NEMA EIA Regulations (GNR 326, as amended on 7 April 2017) and NEM: WA i.e. GNR 325, 324, 327 including NEM: WA GNR 633 and GNR 921 (Category A and B activities) therefore requires an application for environmental authorisation and waste management license subject to a full Scoping and EIA process.

Nabas will also submit a Water Use License Application (WULA) in terms of section 40 of the National Water Act (Act 36 of 1998) (NWA) to the Department and Sanitation (DWS): Orange Proto for water uses specified under Section 21 (a), (b) (c), (g), (i) and possibly 21 (j). The applicable water uses include:

- S 21a - Abstracting water from the Orange River
- S 21b – Storing of process water in three (3) dams
- S21c and i – Mining activities within the regulated area of the Orange River / streams
- S21g – Construction and operation of onsite waste disposal facilities i.e. Sewage Package Plant, x3 Tailings Dams, Pollution Control Dam

Naledzi Environmental Consultants (Pty) Ltd has been appointed as the independent environmental assessment practitioner (EAP) to undertake the EIA process and WULA and will conduct an integrated public participation process during the EIA process which fulfils both the requirements of NEMA and NWA. This advertisement serves to notify interested and affected parties (I&APs) of the opportunity to register on the project database, obtain more information, comment on the available Background Information Document (BID) and the opportunity to attend scheduled public meetings.

**INVITATION TO REGISTER AS AN I&AP, COMMENT AND ATTEND SCHEDULED PUBLIC MEETINGS**

I&APs are herewith invited to register on the project database. If you wish to obtain more detail, comment or express concerns on the project, you can download the project BID and Registration Form from the Naledzi website www.naledzi.co.za/publicdocuments under the heading 'Proposed Grasdrift Mine' available from **4 November to 5 December 2022**. Printed copies of the BID are also available at the following public libraries in the project area:

- Sendelingsdrif, Lekkersing, Eksteenfontein, Kuboes, Porth Nolloth including at the Alexander Bay CPA Offices.

I&APs can register and comment on the project/ BID by completing the comment sheet (available on the Naledzi website and at public venues), writing a letter, sending an email or contacting the appointed independent environmental consultant as per the below-given details. I&APs should submit their comment together with their name, and contact details to the contact person indicated below **ON OR BEFORE 5 DECEMBER 2022**.

**INVITATION TO ATTEND PUBLIC MEETINGS**

I&APs are invited to attend the below scheduled public meetings for the project where the EAP will give an overview of the project and EIA process being followed. Registration and Comment Sheets will also be available and can be completed at the meeting venues.

| Date | Venue | Time |
|---|---|---|
| 16 November 2022 | LEKKERSING HALL | 10H00 |
| 16 November 2022 | EKSTEENFONTEIN HALL | 14H00 |
| 17 November 2022 | KUBOES NGK CHURCH HALL | 10H00 |
| 17 November 2022 | SANDDRIFT HALL | 14H00 |

**PLEASE DIRECT YOUR COMMENTS TO THE EAP (Acting on behalf of NDI Geological Services):**
Naledzi Environmental Consultants (Pty) Ltd
**Contact person**: Marissa Botha or Desmond Musetsho **Phone** 084-226-5584
**Email:** botham@naledzi.co.za / dmusetsho@naledzi.co.za


## UBUNTU / KONTREI/AFSLAERS BK

*Reg.nr: CK 2006/065221/23 BTW NO 4650229026*
Afslaer/Auctioneer: Johan Willemse

Stasiesingel, Upington 8801
Email: ubuntukontrei655@telkomsa.net
Tel & fax no. 054 332 4048
Sel no: 082 795 4929/071 706 4997

NCR FET
EDUCATION FOR EVERYONE
CENTRAL OFFICE, STEVE NAUDE STREET, UPINGTON, 8800
054-331 3836

***!!!VEILING!!! UITGEDIENDE VOORRAAD VOETSTOOTS EN KONTANT***

**PLEK: UBUNTU / KONTREI AFSLAERS BK**

**DATUM: 18 NOVEMBER 2022**

**TYD: 10:00**

**VOERTUIE:**
**TOYOTA QUANTUM 2.5 D-4D MODEL 2013, TOYOTA QUANTUM MINIBUS MODEL 2012, TOYOTA COROLLA 1.6 MODEL 2012. M/BENZ VITO 115 CDI MODEL 2008, CHEVROLET CRUZE MODEL 2013, 2 X TOYOTA 1.6 MODEL 2014, TOYOTA SPRINTER 2.0 XL MODEL 2012, TOYOTA QUANTUM 2.5 MODEL 2013, TOYOTA UV1300 MODEL 2000, ISUZU KB BAKKIE MODEL 1988, 4 X VENTER, 1 X KARET SLEEPWAENS**

**LOS GOEDERE:**
**KANTOORTOERUSTING, REKENAARTOEBEHORE, GRASSNYNERS, LUGVERKOELERS, WASMASJIENE, YSKASTE, KISTIPE DIEPFREEZERS, ELEKTRIESE MOTORS, PROJEKTORS, MIKROGOLFOONDE**

**NOG VELE MEER!!!! KOM VERGEWIS USELF VAN ALLES!!**

**Besigtiging: 17 November 2022 (08:00 -16:00)**

Neem verder kennis dat:

Registrasie as koper onderworpe is aan sekere voorwaardes naamlik:

Terme en voorwaardes van veiling:
1. Voorskrifte van die Wet 68 Op Verbruikersbeskerming Van 2008;
2. Fica – Wetgewing Mbt Identiteit & Adres Besonderhede;
3. 10% Koperskommissie + BTW betaalbaar
4. Slegs Kontant/EFT betalings (SEKERE ITEMS GEKOPPEL AAN RESERWE PRYSE
5. Goedere moet verwyder word op dag van veiling (Veilingvoorwaardes voorgehou op dag van veiling)

**Kontak: Johan (082 795 4929)**
**Nick: 081 583 5250**



**Eksteenfontein-** Community Hall, Municipal Office




**Eksteenfontein-** Saal Afzal Traders




Vioolsdrift Border Post (Brugkfee)




**Lekkersing**- Family Shop




Port Nolloth-Municipal Office




Port Nolloth-Creche




**Alexander Bay-**Rondom Ons 2




**Alexander Bay** -Engen filling station





**Alexander Bay** -Eco Rambo Store




**Sanddrift**- Drankwinkel




**Sanddrift**-Saad Afzal Traders



**Kuboes-**Post Office




**Eksteenfontein-** Saal Afzal Traders




**Sendelingsdrift -** Kleinbegin Kafee Mini Mark



**Sendelingsdrift -Reception**







**Sendelingsdrift -Total Filling Station**




**Sendelingsdrift -** SANPARKS Richtersveld Park Entry Gate




**Kuboes**-Saad Afzal 2 Shop




**Kuboes**-Johan Hein V.G.K Primary